



Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Persoonlike en Sosiale Welsyn (Lewensvaardighede 1) – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-

4.	a	b		d
----	---	---	--	---

Voorbeeld 2:-


4.	a			d
----	---	--	--	---

Sport

Lees die inligting wat regs gegee word.

Pas die inligting in (a) – (d) by die opskrifte in vrae 1 – 4.

1. **Sport kan ons help om beter te presteer op skool.**
2. **Om sport te beoefen kan ons selfvertroue bevorder en selfbeeld verbeter.**
3. **Sport is goed vir ons gesondheid.**
4. **Ons leer spanwerk en hoe om doelwitte te stel.**



- (a) *Hoekom aan sport deelneem? Speel ons net vir oefening en pret? Ja, maar daar is meer. Sport leer ons waardevolle lewensvaardighede. Wanneer jy met breiers, afrigters en spanmaats werk om wedstryde te wen en doelwitte te bereik, leer jy hoe om suksesvol te wees. Hierdie vaardighede sal jou later in jou lewe goed te pas kom.*
- (b) *Jy mag dink dat sport jou huiswerk- en studeertyd sal opneem, maar navorsing toon dat sport ons help om beter op skool te presteer. Oefening verbeter leervaardighede, geheue en konsentrasie.*
- (c) *Sport maak ons fiks en help ons om 'n goeie gewig te behou. Later in hul lewe sal mense wat oefen 'n geringer kans staan om skadelike siektes soos kanker op te doen.*
- (d) *Sport kan help om selfvertroue te bevorder. Ons bereik dit deur te oefen, te verbeter en ons doelwitte te bereik. Ons kan ook nuwe vriende maak.*

5. **Watter van hierdie stellings is waar?**

- (a) Sport is nooit pret nie. Dit is slegs harde werk en vereis altyd strawwe oefening.
- (b) As jy sport beoefen en nie studeer nie, sal jy steeds hoë punte behaal.
- (c) Sport is 'n manier om vriende te maak en baie selfvertroue te hê.
- (d) As jy aan sport deelneem sal jy altyd wedstryde wen en doelwitte behaal.

6. **Watter van hierdie stellings is vals?**

- (a) Gereelde oefening help om ons fiks te hou.
- (b) Gereelde oefening leer ons baie vaardighede.
- (c) Gereelde oefening kan ons help om goeie geheues te hê.
- (d) Gereelde oefening kan huiswerk vervang.

